Plettenberg Bay Primary

Plettenbergbaai Laerskool

23/03/2022

Geagte Ouers

Dit is ongelooflik om te glo, maar die besige kwartaal is verby.

**RAPPORT**

U ontvang vandag u kind se vorderingsverslag. Gaan dit asseblief deeglik deur en bespreek dit met u kind. Onthou u kind kompeteer net met hom/haarself, volgens sy/haar vermoë. Baie geluk aan die leerders wat sukses behaal het en sterkte aan die res vir die harde werk wat voorlê.

**OUER AFSPRAKE**

As deel van ons intervensieprogramme sal onderwysers met ouers individueel afsprake maak. Tydens hierdie afsprake sal die akademiese welstand en ondersteuning van u kind bespreek word. Indien u nie gekontak word nie, maar tog met die onderwyser/es wil gesels, neem die vrymoedigheid om 'n afspraak te maak. Hierdie afsprake kan slegs na skoolure plaasvind.

**SISTEMIESE TOETSE**

Dit was met groot verwagting wat ons die uitslae van die sistemiese toetse ontvang het. Hierdie toetse word opgestel deur die Universiteit van Kaapstad en deur al die skole in die Wes-Kaap in Graad 3, 6 & 9 geskryf om die stand van onderwys in die provinsie te bepaal. Ons skool word vergelyk met ander kwantiel-5 skole wat dan die top skole in die Wes-Kaap insluit.

Die volgende resultate vir graad 3 toon die persentasie leerders wat 50% en meer behaal het :

| **WISKUNDE** | **2019** | **2021** | | **HUISTAAL** | **2019** | **2021** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Laerskool Plettenbergbaai | 87,7% | 88,1% | | Laerskool Plettenbergbaai | 66,7% | 81% |
| Kwantiel-5 skole | 76,9% | 68,5% | | Kwantiel-5 skole | 67,4% | 62,1% |
| Alle skole in die Wes-Kaap | 58,1% | 44,3% | | Alle skole in die Wes-Kaap | 44,9% | 36,9% |

Baie geluk aan 'n uitstekende span onderwysers wat, ten spyte van al die uitdagings, die uitstekende resultate lewer.

Die volgende resultate vir graad 6 toon die persentasie leerders wat 50% en meer behaal het :

| **WISKUNDE** | **2019** | **2021** | | **HUISTAAL** | **2019** | **2021** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Laerskool Plettenbergbaai | 98,6% | 90,8% | | Laerskool Plettenbergbaai | 87,5% | 89,5% |
| Kwantiel-5 skole | 69,5% | 65% | | Kwantiel-5 skole | 68,9% | 67,4% |
| Alle skole in die Wes-Kaap | 44,4% | 37,3% | | Alle skole in die Wes-Kaap | 42,8% | 39,4% |

Ten spyte van al die ontwrigting het die onderwysers besondere suksesse behaal en presteer teen meer as 20% bo ander kwantiel-5 skole. Baie geluk!

Hierdie is 'n refleksie op 'n toegewyde personeel, kundige leierspan, uitstekende kurrikulum bestuur en betrokke ouers. Die ouers van Laerskool Plettenbergbaai kan voorwaar trots wees op hierdie resultate.

P.O.Box 402, Beacon Way, Plettenberg Bay, 6600, Ph:044 533 2126, e-mail: admin@plettprimary.co.za.
Principal: G.J.Koekemoer

**SPORT**

Baie geluk aan al die uitstekende sport resultate wat die afgelope kwartaal behaal is. Behalwe dat ons verskeie leerders in die Eden tennisspan het, is daar atlete wat aan die Wes-Kaap kampioenskappe deelgeneem het, twee leerders wat kwalifiseer vir die SA junior swem kampioenskappe, 'n goue medalje by die Eden tweekamp kampioenskappe, een leerder in die finale krieket groep en 13 dogters tussen 11 en 13 het gekwalifiseer vir die Eden Netbal proewe nadat die Plett – en KPSSS proewe afgehandel is.

**MULTI-SPORT OPPERVLAK**

Die nuwe multi-sport oppervlak is bykans voltooi. Ons is baie opgewonde oor die pragtige fasiliteit wat deur die SBL geskep word. Ons kinders gaan definitief voordeel trek uit hierdie oppervlakte van internasionale standaard. Die kunsgras oppervlakte maak voorsiening vir hokkie, netbal en selfs tennis! Die oppervlak is deur die ITF goedgekeur vir grasbaan tennis. Ons sien daarna uit om die fasiliteit in gebruik te neem tydens die voedselfees op Saterdag, 9 April 2022. Baie sterkte aan Me Mimi van Huyssteen en haar bekwame span wat verantwoordelik is vir hierdie funksie.

**MASKERS**

Die nuwe direktiewe oor die gebruik van maskers is op Dinsdag, 22 Maart 2022 aangekondig. Dit het dus tot gevolg dat leerders nie meer maskers tydens pouses of sport **buite die geboue** hoef te dra nie. **Dit is steeds verpligtend om maskers in die klas aan te hê**. Ouers en kinders moet asseblief hulle samewerking in die verband gee.

**LAAT VIR SKOOL**

Daar is al meer leerders wat laat kom vir skool. Ouers moet asseblief die skoolure respekteer en sorg dat hul kinders betyds is. Laatkom is 'n oortreding van die skool se gedragskode en sal negatief op die kind se gedrag reflekteer.

**WINTERSDRAG**

Leerders moet vanaf Maandag, 3 Mei 2022 in volle wintersdrag geklee wees. Dit sluit die formele baadjie(Blazer) vir alle leerders van graad 4-7 in.

**FONDSINSAMELING**

Baie dankie aan Mimi van Huyssteen en haar span met die volgehoue pogings om fondse te genereer. Ons sien uit na 'n heerlike voedselfees en die hervatting van die koekverkopings. Bied asseblief u hulp aan waar nodig.

**BEHEERLIGGAAM**

Twee vakante betrekkings het ontstaan op die skoolbeheerliggaam. Die volledige proses vir 'n tussen-verkiesing is gevolg. Twee nominasies is ontvang vir die twee betrekkinge en dus was 'n formele stemming nie nodig nie. Die lede is outomaties verkies tot die twee betrekkinge. Baie geluk aan Lorraine van Jaarsveldt en Gerard Jordaan wat verkies is tot die beheerliggaam. Ons sien uit na u positiewe bydrae vir die volgende twee jaar.

Mag u 'n wonderlike vakansie saam met u geliefdes geniet. Ons sien uit na 'n vol wintersport kwartaal, veral op die nuwe multi-oppervlak.

Dankie vir u lojale ondersteuning.

Groete

G.J.Koekemoer